

## Voormalige SARS-werknemer gevonnis tot 12 jaar gevangenskap

**Tshwane, Maandag 24 Januarie 2022** - 'n Voormalige werknemer van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), Bilal Shaik, is tot 12 jaar gevangenskap gevonnis vir bedrog, vervalsing, uiting en geldwassery, wat nagenoeg R6 miljoen beloop.

Shaik is gevonnis vir die fasilitering van bedrieglike BTW-terugbetalings aan drie maatskappye. Die geld het egter in Shaik se rekening opgeëindig, waarna hy die opbrengste vir persoonlike aanwinst gebruik het.

'n Tweede beskuldigde, Kyle Nadasen, wat Kyle Nadasen BK verteenwoordig, is skuldig bevind aan bedrog, vervalsing en uiting. Hy is tot ses jaar tronkstraf gevonnis, geheel opgeskort vir vyf jaar, op voorwaarde dat hy nie ingevolge artikel 4 van die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad (POCA) skuldig bevind word gedurende die tydperk van opskorting nie.

Die derde beskuldigde, Miloni Chetty, 'n alleeneienaar van ILONIM General Traders, is vrygespreek op alle aanklagte.

Die hof het aangehoor dat die beskuldigde vervalste fakture ingedien het met die doel om 'n ongeldige BTW-terugbetaling te ontvang.

Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), Edward Kieswetter, het die streng vonnis, wat die voormalige SARS-werknemer Bilal Shaik, en Kyle Nadasen, toegedien is, verwelkom.

"SARS sal geen kriminaliteit deur sy werknemers duld nie. Dit is nie onderhandelbaar nie, omdat belastingpligtiges en handelaars die organisasie en sy werknemers moet kan vertrou om met integriteit op te tree. SARS is daartoe verbind om dit moeilik en duur te maak vir enigeen wat betrokke is by kriminele ampsmisdryf met betrekking tot belasting sake - sonder aansien des persoons. SARS neem aanstoot teenoor sommige onder ons wat by misdaad betrokke is. Ons sal hulle uitroei," het die kommissaris gesê.

"Sulke kriminele optrede skaad die reputasie van 'n lewensbelangrike instelling van ons demokrasie, wat op vrywillige nakoming van belastingpligtiges en handelaars staatmaak om sy mandaat uit te voer betreffende die invordering van inkomste wat gebruik kan word tot voordeel van alle Suid-Afrikane, veral die armes en kwesbares," het mnr. Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).